

## **Onverantwoordelike gedrag kan jou akademiese jaar in gevaar stel**

Beste Studente

Hier is ons nou in die pylvak van die 2020-akademiese jaar. Die eindeksamen begin oor minder as twee weke. Ondanks baie onsekerheid en reuseveranderinge in ons akademiese en persoonlike lewens, het ons vanjaar saam baie deurgemaak en ons was vasbeslote en veerkragtig.

Julle het baie uitdagings te bowe gekom en kan regtig trots wees op wat julle tot nou toe vermag het. Daarom rig ek hierdie skrywe aan julle om julle te maan om nie nou jul studiejaar in gevaar te stel deur onverantwoordelike gedrag so naby aan die eindstreep nie. Dit is te verstane dat julle ná soveel maande van inperkings en baie min sosialisering nou ingehok voel. Ek is egter baie bekommerd oor gerugte van studente wat huispartytjies hou en wat by plaaslike kroë en klubs kuier sonder om aan die regulasies vir sosiale afstandskewing en die dra van maskers te voldoen. Daar is net 'n paar weke oor voor die somervakansie begin. Ek doen 'n dringende beroep op julle om nie jul eie gesondheid en dié van ander in die gemeenskap waar julle woon en studeer, in gevaar te stel nie. Dit sal so 'n groot teleurstelling wees om eksamens mis te loop, of om nie behoorlik te kan studeer nie weens 'n siekte wat voorkom kom geword het. Dit is 'n ongelukkige werklikheid dat hierdie verloop van sake jou die akademiese jaar kan kos.

### **Dra jou masker en bly op 'n veilige afstand**

Vlak 1-beperkings vereis dat alle personeel en studente ten alle tye veiligheidsprotokols (op en weg van die kampus af) moet volg om te verseker dat ons 'n veilige kampusgemeenskap handhaaf waar almal kan studeer en werk. Die dra van maskers, gereelde ontsmetting en sosiale afstandskewing is verpligte regeringsregulasies. Studente moet in alle openbare ruimtes hul maskers dra. Dit sluit die Rooiplein, die Neelsie-studentesentrum en TSS en alle ander kampusgeboue in, asook wanneer jy inkopies doen in verskillende gebiede op en rondom ons kampusse. In koshuise en ander gedeelde private verblyf moet studente maskers dra wanneer hulle hul kamers verlaat. Moet asb nie sakeondernemings ondersteun wat nie jul gesondheid ernstig opneem deur nasionale gesondheids- en veiligheidsprotokols te ignoreer nie.

### **Stel universiteitstrukture in kennis indien jy positief toets vir COVID-19**

Maak seker dat julle vertrou is met die gesondheids- en veiligheidsprotokols en die toepaslike kontakligting wat op die Universiteit se [COVID-19-webblad](#) verskyn. Die [protokol vir vermoedelike/bevestigde gevalle van COVID-19 in US-koshuise](#) verskaf duidelike riglyne aan studente en personeellede. Studente wat in PSO-wyke woon wat by provinsiale hospitale, klinieke of private dokters getoets word, moet hul PSO-struktuur, Kampusgesondheid en hul akademiese departement onmiddellik in kennis stel indien hulle toetsuitslag positief is. Dit is noodsaaklik dat alle personeel en studente wat positief getoets het, vir twee weke hulself in afsondering sal plaas.

### **Doen daaglikse gesondheidstoets voordat jy jou blyplek verlaat**

Alle personeel en studente wat na kampusgeriewe reis, moet die daaglikse selftoets op die Higher Health Check-toepassing doen: <https://healthcheck.higherhealth.ac.za> of WhatsApp 0600110000 of skakel \*134\*832\*2#; of gebruik jou daaglikse moniteringstoepassing indien jy by die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe is.

Dit is nie nou die tyd om oorgerus te raak of onverskillig op te tree nie. Ons moet ag slaan op die huidige styging in gevalle wêreldwyd, selfs in lande wat gedurende die eerste golf lae infeksiekoerse gehad het. Al ons studente word aangemoedig om verantwoordelik te wees en om te help om die verspreiding van COVID-19 te voorkom om jouself, jou familie en vriende, asook die breër gemeenskap veilig te hou. Ons moet ons gedrag verander om seker te maak ons beland nie weer in die erge staat van inperking nie. Deur ons verantwoordelike optrede kan elkeen van ons help om die 2020-akademiese jaar suksesvol af te sluit.

Julle sal binnekort meer inligting van die Registrateur se kantoor oor die komende eksamens ontvang. Let asb op al die toepaslike inligting. Onthou dat inligting en kontakbesonderhede vir ondersteuning met geestelike en fisieke welstand op die [COVID-19-webblad](#) beskikbaar is.

Ek wens julle alles van die beste toe met jul voorbereidings en finale eksamen van 2020.

Prof Wim de Villiers  
Rektor en Visekanselier